

# Nomades Roete terugvoer en nuusbrieff Februarie 2014.

## Vaal Ribbok / Grey Rheeboek Staproete. 21-23 Februarie 2014.

Geleë tussen Amersfoort/Ermelo en Piet Retief, Mpumalanga.



Anna-Marie Lotter, Phrina Oosthuizen & Corrie van Rensburg; Marius Stander, Erika Barnard & Carolien Pienaar; Isabel Baatsen, Helene Gertenbach & Silvia de Jong; Jannes & Irma van Ryssen; Konrad & Hanlie en Wilna Moolman Stap saam.

14 Siele in totaal wat in die stappersakkomodasie bly.



Wel...byna alles op die hierdie naweek was 'anders' of non-standaard. Nie noodwendig sleg nie, net 'anners'. Die roete is nou sowat een en 'n half jaar oud en Jeanette en Sam het so 2 jaar gelede hier ge-arriveer en alles van niks af gebou. Al die geboue, infrastruktuur en die staproetes. Eerstens bel Jeanette, die eienaar van die roete wat die grond huur, my so n week vooraf en vertel die 'normale' padaanwysings wat ons gekry het, sal ons op verskriklike slegte paaie neem en verduidelik oor die foon 'n nuwe beter roete. Ek tik dit oor en sowaar-dit werk. Niemand het heeltmaal verdwaal nie. 332km vanaf Moreletapark af later is ek daar. Die 332km neem dan oor die 4 ure, agv die kwaai reen en storms wat die meeste van ons op die N4 snelweg rondom Witbank/Middelburg beleef het en dan bykomend die grondpaaie wat volg. Die GPS koördinaat van die hek wat ek voorsien het was verkeerd, aangesien die inrypad nog nie op GoogleMaps wys nie en letterlik deel van die grasvlakte is waar hulle net klippe weggeskuif het. Maar almal het wel Vrydag middag laat per geleentheid by die stapperskamp aangekom. Die laaste sowat 1.5km na die kamp is redelik steil en klipperig en Jeanette dui aan ons moet ons motors langs 'n bos, so 1.7km vanaf die grondpad parkeer, dan sal sy ons kom haal met



haar bakkie en afry. 'n Paar mense het wel kans gesien en die paadjie afgery en dit tot onder by die kamp gemaak. Die kamp... Daar is 'n 5 bed (2 Stapel en 1 enkel) bed tuisgeboude houtkamer met deurskynende plastiek as vensters en tent-seile teen van die mure. Ou Baniere vorm die gordyne en word ook oral elders in die 'kompleks' gebruik as waterdigting teen die mure/vloere en selfs die klein badkamer se dak. Pluspunte: Redelik Ruim, lekker dik matrasse en tafeltjies/rakkies oral op die ou mat. Daar is nie elektrisiteit nie, maar sonkrag lampies word voorsien. Dan is daar ook 'n 8 bed kamer (4



stapelbeddens) kamer met en-suite badkamer met stort/wasbak en spoeltoilet. Baie karaktervol. Warmwater vir al die badkamers word deur 'n paar donkies bewerkstellig. Sam sorg dat die donkies altyd gestook is, daar warm water is en dan begin hy sommer ook die braaivleis/kuiervuur in die aande. Hout ingeluit. Bonus!. Dan is daar ook 'n met 2 stapelbeddens by die kuier-tafel.

toegerus met alle houtstook wat altyd warm kookwater bopslaapkissies onder ook dieselfde

Sam gebruik. Dan is daar 'nbuitekamertjie nadat jy verby die plaas se met stort, wasbak sonder uitloop en manuele spoeltoilet. Tap net die bak vol met die hand-kraan en lig dan die stopper met die hand. Geen handvatse! Maar baie funksioneel!. Die groter badkamerkompleks begroet jou met n sitkamer/kwekery kamer. Uit die kamer loop 4 vertrekkies. 'n Bad, 2 storte en 'n toilet/wasbak. Weereens warmwater uit die donkies.

Nog n bonus is die witgoud wat voorsien is en die warmwater krane is reg gemerk! Daar is speels ook! Die gedeeltelik onderdak met 'n kombinasie van sink en skadunet bo-oor-lapa-area pas knus in tussen al die plante, 'n algemene stoorarea en die voëlhokke waar Jeanette se boerdery is. 'n Lekker groot opgeboude braai area met n groot rooster, houtknyper, kole krapper en selfs n roerbraaipan! Pas net op so deur die toer om nie oor een van die 4 honde - Sökkies, Snorre, Snoekie en Tinkie te val nie. Dan is daar ook nog 6 plaaslike katte. Oral is ou tyskrifte, stapen plante boeke beskikbaar as jy dalk n ledige oomblik het.

Daar is n hele paar roetes op die plaas. Almal gemerk met ou blikkie-en-margarie-deksels wat geverf is in die roete se kleur. Wat die roetes baie besonder maak is die baie broodbome, oral klein stroompies, die mooiste verskeidenheid veldblomme en die oop grasvlaktes word afgewissel met



breekgoed en eetgery ens. Daar is n Union brand en altyd 'n keteltjie op het en die honde se die stook. Dit is sommer kombuis wat Jeanette en ablusie', een kleiner 'werkswinkel' geloop het



Daar is n hele paar roetes op die plaas. Almal gemerk met ou blikkie-en-margarie-deksels wat geverf is in die roete se kleur. Wat die roetes baie besonder maak is die baie broodbome, oral klein stroompies, die mooiste verskeidenheid veldblomme en die oop grasvlaktes word afgewissel met



inheemse woude vol orgidee, oumansbaard, varingwoude en enkele klipformasies. Daar is ook vele waterpeele en watervalle van verskeie groottes.

Saterdag oggend 7h30 is 12 van die 14 stappers gereed. Veral omdat die hoenders ons al 4:00 wakker gekraai het. Al die honde is ook daar en Jeanette is gereed om as gids saam te stap om ons die blomme en plante te wys en te sorg dat ons nie verdwaal nie. Die eerste intressantheid binne die eerste paar honderd meter is 'n Sekretarisvoelnes in die klofie onder ons. Die masiewe nes is bo-op die plat top van 'n boom gemaak en die enkele kleintjie was baie stil, maar heel heel sigbaar. Die ouers was nie in sig nie. Dan oor die vlaktes en 'n blaaskansie gevang in die klipkoppie wat oor die plaas uitkyk. Verby die familie-broombome. Drie teenmekaar. Pa, Ma en Baba. Ons sien die Watsonias, Vuurpyle, Drakensberg klokkes en rooi Tolbos-Kandelare. Dan klim ons bietjie om in die orgideewoud in te gaan. Teen spesifiek die ouhoutbome se stamme



groeï die intressantste orgidee. Ongelukkig nie nou in blom nie. Mosse, oumansbaard en paddastoete is ook daar. Oor 'n houtbruggetjie en rus by die waterval en uitkyk oor die wye vlakke. Oor die stroompje met sy pers mosse

en die broombome met sy voelent. Wit en rooi sewejaarjies en die rooi-rivier-lemmetjie. Dan die swempool met sy gly-geut vir die braves. Ek het net geswem in die koel verfrissende water, terwyl die ander net rustig verkeer het, sommige met hul voete in die water en 'n eetdingetjie geniet. Geel, rooi en rooi Crasulas asook die Wilde pynappel sien ons ook en terug na die kamp weer verby die alleen Sekretarisvoelbaba op sy hoë nes. 'n Bietjie gerus en net ge-wees, toe loop sewe (honde uitgesluit) van ons die geel 6km roete. Die 4 honde en Jeanette is weer saam. Nou sien ons die plat Protea-Sugarbush wat teen die grond groei en die massiewe tot 1 meter diameter vingerpoele en die groot waterval. Verby die 4 susters -vier massiewe Broodbome bymekaar. Verby die ander opstal tot by die groot swempool. Dan hoofsaaklik terug met die 2-spoorpaadjie en die laaste pylvak na die kamp waar die honde wat kortpad gevat ons begroet. Jannes wou die Sekretarisvoelouers sien en is die middag weer na die nes om hulle in te wag. Geen sukses na 'n uur of twee nie. Almal wonder of hulle die baba alleen gelos het.



Die aand weer lekker gebrui en gekuier om die vuur.

Sondagoggend 7:00 is die grootste deel van die groep weer op pad. Hierdie keer die 8km rooi roete. Weer naby die groot waterval verby, dan af in 'n Broodboomklofie, verby 'n klein swempool, dan 'n rukkies saam met die geel roete, naby die 'karpark' langs die bos verby en dan begin ons al op die kranse van die groot kloof styg na die ander groot kaskade watervalle en poele. 'n Bietjie tyd daar by die ongelooflike mooi stukkie natuur met sy kranse en poele vertoef.



Dan op en om, en terug kamp toe. Daar gekom was die warmwater weer gereed. Dankie Sam!. Lekker gestort en dan het sommige die geleentheid



benut om Jeanette se tuisgemaakte konfynt of ingelegde beet of plante te koop. Rondom 11:00 is die bakkie gelaai en Jeanette gaan laai ons en ons bagasie by die karpark af en almal is op pad terug na gewone 'normaliteit' van Pretoria. 'n Paar Vaal ribbokke met hul wollerige stertjies huppel oor die pad kort nadat die motors die pad gevat het... wat 'n pragtige afskeid! En dan 'n verdere groot verrassing. 'n Paar kilometer vanaf die plaas op die grondpad sien ek die 3 motors voor ons stop. Eers gewonder wat die probleem kan wees, en dan sien ons 'n entjie in die veld in Jannes se 2 Sekretarisvoelouers.

'n Intresante roete wat aanbeveelbaar is. Ietwat ver, maar baie mooi omgewing en as dit warmer was, sou al die swempoele sekerlik meer aftrek gekry het.

Roetes wat ons nie geloop het nie is die Blou-kamp-300m, Groen-2km-waterval en Oranje-4km-Swempool roetes. Sien ook [www.TheGreyRhebokHikingTrail.com](http://www.TheGreyRhebokHikingTrail.com) . Bespreek by Anvie.

**Voetslaan Magalies** (<http://www.magalieshiking.co.za>) het ook weer Dinsdagaand 25 Februarie byeengekom by die NHK Filadelfia in Lunnon Straat 127, net Wes van Tukkies. Attie van Niekerk, die eienaar van die Bermanzi roetes en die bestuur van die 'Num-Num' roete het die toekenning wat Magalies vir hom gegee het vir die Num-Num as die beste lang roete van 2013 kom haal. Johan Pretorius het 'n reeks fotos gewys van hulle 4x4 toer wat hulle deur die Richtersveld, Weskus en Cederberg area gedoen het. Baie Oulik!. Staproetes wat die Magalies lede die laaste maand gestap het en terugvoer van gegee het is Suikerbosfontein, Groenkloof, Wonderboom, Baviaanskrans en Blouwildebees.

Frogs buite Cullinan is ook gestap, maar alhoewel dit net 'n dagstap van sowat 10km is, is die dag-fasiliteite blykbaar maar baie verwaarloos en die eienaar verduidelik so half en half die roete, as jy by die kamp uitkom, en die roete self is blykbaar ook maar swak gemerk. Jy kan daar tent-kamp ook. Dit klink of dit 'n mooi omgewing is.

**WWW.** Sien gerus ons opgedateerde 2014 Jaarprogram met skakels na die webwerwe op [www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za)

Baie dankie Silvia vir die proeflees en regmaak!

Groete tot 'n volgende stap. **Marius Stander.**

[MariusStanderPTA@gmail.com](mailto:MariusStanderPTA@gmail.com)